KENNISGEWING VAN OMGEWINGSMAGTIGINGSPROSES

VOORGESTELDE ONTMANTELING VAN DIE BESTAANDE CLOCOLAN – FICKSBURG 88 KV KRAGLYN EN DIE OPRIGTING VAN DIE NUWE MARALLANENG SUBSTASIE NABY FICKSBURG, SETSOTO PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, VRYSTAAT

In terme van die gewysigde Omgewingsimpakstudieregulasies (hierna die OIS Regulasies), wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (NEMA), soos gewysig, word kennis hiermee gegee van die voorneme van Eskom Holdings SOC Limited (Eskom) om die bestaande 88 kV kraglyn vanaf die Clocolan Substansie na die Ficksburg Munisipale Substasie te verwyder en te verskuif en om die nuwe 2 x 20 MVA Marallaneng 88/11 kV Substasie en verwante infrastruktuur naby Ficksburg, in die Setsoto Plaaslike Munisipaliteit, Vrystaat, te bou.

Omgewingsassesseringspraktisyn: **ACER (Africa) Environmental Consultants**

LIGGING VAN DIE VOORGESTELDE PROJEK

Ná spesialisondersoeke van drie liggings wat deur Eskom verskaf is, is ’n vierde ligging gekies op grond van faktore soos nabyheid aan die nuwe 88 kV kraglyn en medium spanning (MV) voorsieningskant, bestaande padtoegang, en omgewingsensitiwiteite. The 80 m x 80 m ligging van die substasie is ongeveer 3 km van Ficksburg op die suidwestelike buitewyke van die dorp en ongeveer 370 m suid van die R26. Die plaasnaam van die eiendom is die Restant van Ficksburg Dorpgronden 75, wat besit word deur die Setsoto Plaaslike Munisipaliteit.

OMGEWINGSMAGTIGING

In terme van die gewysigde OIS Regulasies gee Eskom se voorgestelde ontwikkeling aanleiding tot ’n aantal genoteerde aktiwiteite in terme van Noteringskennisgewings 1 en 3 (GNR 983 en 985 van 8 Desember 2014) (soos gewysig), en in terme van artikel 24(2) en 24D van NEMA, wat omgewingsmagtiging vereis ná die onderneming van ’n Basiese Assessering (BA). The Basiese Assesseringsverslag sal voorgelê word aan die Departement van Omgewingsake (DOS) vir hersiening en besluitneming. Die relevante watergebruiksregistrasie- of aansoekproses, vir watergebruike in terme van die Nasionale Waterwet (NWW), sal onderneem word deur konsultasie met die Departement Water en Sanitasie (DWS).

UITNODIGING OM DEEL TE NEEM

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (B&GP’e) word versoek om met ACER te registreer en hulle kommentaar te verskaf. ’n Dokument met Agtergrondinligting en Kennisgewingsbrief, tesame met ’n Registrasie- en Kommentaarblad, is verkrygbaar vanaf die Openbare Deelname Kantoor.

Vir verdere inligting kontak asseblief:

ACER (Africa) Environmental Consultants

Mareike Straeuli of Keagan Kruger

Posbus 503, Mtunzini, 3867

Tel: 035 340 2715 Faks: 035 340 2232

E-pos: marallaneng.substation@acerafrica.co.za

October 2017